



**GEREFORMEERDE KERK
AKASIA**

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 19
31 MEI 2020

PSALM 100:2



Dien die Here met
Blydschap

Vandag, Sondag 31 Mei is die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees en ook 'n dag van verootmoediging.

Lees: Handeling 2:1-21

Kernverse: Ha.2:1-4,6-8, 16

Tema: Die Heilige Gees het gekom!

1. Dit was die dag van die Pinksterfees
2. Die rukwind
3. Die tonge van vuur
4. Almal is deur die Gees vervul
5. Almal het deur die Gees in ander tale begin praat oor die groot daade van God
6. Elkeen het sy eie taal gehoor
7. Die vervulling van Joël se profesie
8. Slot

Sang: Ps.Ps.118:1,12; Sb.12-3:1,2; Ps.38:1,8,17;
Sb.8-1:1,2; Sb.1-1:1,3; Sb.1-1:6,7

MEELEWING

♥ Ritha van Wyk(D3 0822962100) se gesondheid het verbeter. Ons dank die Here vir die beterskap.

Eredienste wat weer hervat

Ons dank die Here dat eredienste, as Hy wil en ons leef, weer Sondag 7 Junie kan hervat.

“Welsalig is die mensekind
wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte.
Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die Heer self hul fontein
waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek
wat hul tot nuwe lewe wek” (Ps.84:3).

VERJAARSDAE Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Ps 25:4

31/05 Ina du Toit	C1	0823518334
1/06 Attie de Jongh *	C4	0722476933
3/06 Gerhardus Oeschger	C5	0828149079
5/06 Johan Nel	C1	0832927411

Lidmate 65 jaar en ouer *



MY DANKOFFER DEEL 2

My dankoffer : 'n Ongemaklike uitgawe?

Ons Verbondsgod wat my in sy genadeverbond opgeneem het, het bepaal dat ek aan Hom dankoffers sal gee, sodat sy Woord bedien kan word en sy kerk kan voortbestaan en groei. Hy het verder bepaal dat my dankoffer met sy seën in my lewe moet ooreenstem, dat ek gereeld my dankoffer aan Hom sal gee en dat my dankoffer volgens sy wil sal wees.

My dankoffer aan die Here is dus 'n belangrike deel van my uitgawes. My dankoffer verskil egter baie van my ander uitgawes, aangesien dit 'n uitgawe direk aan die Here is. My dankoffer is om hierdie rede in werklikheid die belangrikste uitgawe wat ek aangaan.

Dit alles in aggeneem, hoe dink en voel ek oor my dankoffer aan die Here? Gee ek my dankoffer met 'n hart vol liefde en 'n blymoedige gesindheid, of is my dankoffer 'n ongemaklike uitgawe wat ek gee om my verpligting “teenoor die kerk” na te kom? Sien ek my dankoffer as een van die minder belangrike “betalings” wat ek moet maak, nadat al my ander noodsaaklike en belangriker verpligtings nagekom is? Is my dankoffer 'n ongemaklike ekstra uitgawe by al die ander, of is dit 'n offer uit liefde vir ons Verbondsgod?

Wanneer ek my dankoffer volgens God se Woord en gelei deur die Heilige Gees gee, word my dankoffer 'n offer uit 'n hart vol liefde en dankbaarheid en blydschap, want dit is ons Verbondsgod aan Wie ek my offer gee!

My dankoffer : Die Verbondsgod se uitdaging aan my

My dankoffer is nie bloot 'n saak waar ek 'n bepaalde offer in die vorm van geld aan die kerk gee nie. Die Here sien my dankoffer in 'n baie wyer lig.

Die Here verbind die dankoffers van sy kerk, van die gelowiges, met sy seën in die natuur. *“Bring die volle tiende na die voorraadmater toe, sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie” (Mal.3:10.)*

Die Here rig 'n uitdaging aan sy verbondsvolk, sy kerk. Hy gee in werklikheid 'n opdrag.

Die belangrike vraag is: Is die kerk bereid om hierdie opdrag uit te voer? Ons beleef van tyd tot tyd ernstige beproewinge.

Indien gelowiges huiwer om die Here se opdrag uit te voer, is dit omdat ons so vashou aan aardse dinge, veral aan geld. Ons maak geld bymekaar om ons teen moontlike tekorte in die toekoms te beskerm. Die gevolg hiervan is dat ons ons dankoffers aan die Here verwaarloos.

Die Here se opdrag staan dat sy kerk Hom moet toets en die volle tiende, dit is die dankoffer wat die Here verwag, sal gee.

Ons Verbondsgod, die Here die Almagtige het ook 'n belofte saam met die opdrag gegee. Vir sy kerk wat Hom liefhet en Hom gehoorsaam, deur die dankoffer te gee wat Hy verwag, sal Hy seën beskik. Hy sal die seën van meer as genoeg beskik, sodat daar genoeg sal wees om van te leef en sodat ander die vrug van 'n lewe naby God kan sien.

Gereformeerde Kerk Akasia

ABSA tjek rekeningnr 060340889

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters, Van en Wyk

Diakonie Geref Kerk Akasia

ABSA Tjek 060280649

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters en Van

Ds Johan, ons as gemeente wil net weer vir u Baie Dankie sê vir elke dag se Oggendkoffie boodskappe, Uit die Studeerkamer en elke week se volledige preke. Ons weet daar gaan baie voorbereiding in. Ons is dankbaar vir God se genade, want dit dra ons in hierdie tyd.

AD MUSICUM KOOR

Ad Musicum Koor in Pretoria wil tans die koor uitbrei en benodig dringend nog Soprane, Alte, Tenore en Basse. Oefentye is Dinsdagaande in Rietfontein. Afrikaanssprekende Christelike persone is baie welkom. Vir meer inligting, kontak Heléne 0823779385.



FEBA RADIO SUID-AFRIKA

Liewe FEBA-vennote

Terwyl Paulus in gedwonge isolasie in die tronk is, moedig hy die gemeente in Kolosse aan om te bid vir nog groter oop deure vir die evangelie. (Kol 4:2-6). Oop deure is presies wat FEBA ervaar in hierdie Covid-19 tyd, met al ons radio stasies wat wêreldwyd getuig van die vloedgolf van belangstelling en terugvoer wat daagliks instroom.

Weet asseblief dat ons elkeen van u as ons eie, onmisbare media-sendelinge beskou en dat ons getrou vir u bid, hier vanuit die kantoor in Pretoria.” – dr Jurie Vermeulen, FEBA Radio Suid-Afrika se Nasionale Direkteur

Hiermee ons terugvoer en gebedsversoeke vir die maand van Junie 2020: Ons by FEBA/FEBC is dankbaar teenoor die Here, dat ongeag die drastiese implikasies wat COVID-19 het, iets wonderliks besig is om te gebeur. FEBA se stasies regoor die wêreld gaan steeds voort om evangeliese programme uit te saai. In Maart alleen, het die luisteraars terugvoer in China met 40% en in Korea met 25%, gestyg. Bid saam met ons hierdie maand vir die FEBA radio stasies in die volgende lande: Indonesië, Korea, Japan, Viëtnam, Rusland en die Oekraïne. Bid ook vir hulle omroepers wat programme moet skep om die harte, van die miljoene gesinne wat na die uitsendings luister, voor te berei om Jesus Christus as hul Heer en Verlosser te aanvaar.

Prediker 3:11

**God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd,
maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee
van die onbepaalde tyd.**

**Tog kan die mens die werk van God
van begin tot einde nie begryp nie.**